

SKOOLPROJEKTE

Verklaarde Historiese Monumente Bloemfontein

SEDERT die totstandkoming van die Historiese Monumentkommissie (tans die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede) in 1928 is 26 terreine, boustrukture en voorwerpe in die Vrystaat tot Nasionale Gedenkwaardighede verklaar.

Nege van die gedenkwaardighede wat in Bloemfontein en die onmiddellike omgewing geleë is word op die meegaande foto's uitgebeeld. Foto's van die verklaarde gedenkwaardighede wat op die Vrystaatse platteland geleë is, sal mettertyd in die Nuusbrief verskyn.

Die leser wat verdere inligting verlang, word verwys na die pragboek deur professor J. J. Oberholster "Die Historiese Monumente van Suid-Afrika", wat in 1972 deur die Kultuurstigting Rembrandt van Rijn gepubliseer is.

Die huidige gebou wat tans gerestoureer word, is in 1885 opgerig op dieselfde perseel waar kapt. Henry Warden 'n kleihuis as Residensie gebou het. Hierdie kleihuis is jare lank gebruik as woning van die Staatspresident. Die Residensie is ontwerp deur Lennox Canning en is bewoon deur Presidente J. H. Brand (1886–1888), F. W. Reitz (1888–1895) en M. T. Steyn (1896–1900).

DIE PRESIDENSIE – Geproklameer 1938



DIE EERSTE RAADZAAL – Geproklameer 1936



DIE FONTEIN – Bronsplaas 1964



Die betonsuil en stadswaap in Bloemspruit dui die plek aan waar die fontein, waaraan Bloemfontein sy naam ontleen, geleë was.

Omstreeks 1822 het die eerste Blanke veeboer Rudolph Marthinus Brits, hom hier by die fontein gevestig. Dit was ook die oorloed van helder, skoon water wat uit hierdie fontein gevloei het wat kapt. Henry Douglas Warden laat besluit het om juis hier 'n dorp aan te lê.

**DIE TWEETORINGKERK
Geproklameer 1963**



Op 7 Mei 1880 is die bekende Tweeporingkerk ingewy. Dit is gebou op dieselfde perseel waarop die eerste kergebou, waarvan die hoeksteen in 1849 gelê is, gestaan het. Vroeg in die veertigerjare van die 20ste eeu is albei torings vervang en gedeeltes aangebou. Presidente Brand, Reitz en Steyn is hier beëdig.

Hierdie pioniersgebou in St. Georgesstraat is deur Henry Warden opgerig as skoolgebou in 1894. Dit is ook gebruik vir sittings van die Wetgewende Raad van die Oranjerivier-Soewereiniteit (1849–1852), as kerkgebou (1849–1852) en vir Volksraadsittings (1854–1856). Josias Hoffman (1854) en Jacobus Boshof is in (1855) in hierdie geboutjie as presidente ingesweer en Andrew Murray is hier deur sy vader in 1849 as predikant georden. Vanaf 1877 tot 1915 het dit gedien as eerste tuiste van die Nasionale Museum. Twee vleuels is vir museumdoeleindes in 1885 en 1891 aan meerskante van die grasdakgebou aangebou. Die vleuel aan die westekant is onlangs gesloop.

DIE VIERDE RAADZAAL – Geproklameer 1951



Ontwerp deur Lennox Canning, voltooi in 1893. Gebou in die Renaissance-boustyl is dit die juweel van die Vrystaatse boukuns. In Maart 1900 is Bloemfontein deur die Britse magte beset en die Raadsaal is in 'n militêre hospitaal omskep. Vanaf 1907 is dit die vergaderplek van die Wetgewende Vergadering van die O.R.K. en vanaf 1910 word dit die tuiste van die Provinsiale Raad. Die Appèlhof het ook gedeeltes van hierdie gebou gebruik totdat die sierlike gebou teenoor die Raadsaal in 1929 voltooi is.

(Die Tweede Raadsaal was in die winkel van Jordaan, waar die Hoofposkantoor tans staan en is sedert 1856 gebruik. In 1876 het die Vrystaatse regering sy eie Goewermentsgebou aan die bo-ent van Maitlandstraat opgerig en daarin is vir die derde Raadsaal voorsiening gemaak.)

DIE "BOOM VAN SAMESWERING" – Geproklameer 1950



Na sy ampstermyne as Staatspresident het M. T. Steyn op sy plaas "Onze Rust", 22 kilometer suid van Bloemfontein gaan woon. Onder hierdie olienhoutboom het hy rus en vrede gesoek en aan Afrikaner-leiers leiding en raad gegee. Gewigtige beraadslagings het soms hier plaasgevind, vandaar die naam wat dit skertsend verwerf het.

Hierdie rooibaksteengebou van twee vertrekke is kort na die Tweede Vryheidsoorlog gebou om 'n lang gekoesterde ideaal vir 'n eie irrigasie vir hoër onderwys in die Vrystaat te verwesenlik. Die eerste graduandi, Siegfried Grosskopf en Johannes Z. van Schalkwyk het in 1905 hul grade ontvang.

(Foto: "Die Volksblad")

"GNOME" VLIEGTUIG ENJIN – Geproklameer 1969



John Weston, vader van die lugvaart in Suid-Afrika oor wie daar in die vorige uitgawe van die Nuusbrief en elders in hierdie uitgawe mededeling gemaak word, het hierdie lugverkoelde rotasie-enjin in 1928 aan die Nasionale Museum geskenk. As die oudste vliegtuigenjin in ons land is dit in 1969 tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar. Die foto toon die enjin in 'n uitstalling, ter herdenking aan John Weston.

BLOEMFONTEIN-FORT – Bronswapen op hekboog 1932



Ook bekend as Queen's Fort. In 1848 gebou deur Sir Harry Smith. Vroeg in die negentigerjare is dit deur kap. F. W. Albrecht, Hoof van die Artillerie van die Vrystaat herbou. Dit het ook al gedien as hoofkwartier van die Oranje-Vrystaatse kommandement en as deel van die Oranje-Hospitaal. Dit word tans omskep in 'n krygsmuseum, waarin die militêre geskiedenis van die Vrystaat uitgebeeld sal word.

EERSTE GEBOU VAN GREY-UNIVERSITEITSKOLLEGE – Geproklameer 1972

